

INLICHTINGSBLAAIE:  
WINGERDPESTE



# WINGERDPESTE PEERBLADROLLER



**SATI**  
SOUTH AFRICAN TABLE  
GRAPE INDUSTRY

# Wat is peerbladrollers?

FOTO: TORIAI



Peerbladrollers — *Epichoristodes acerbella* — is inheemse motte in dieselfde familie as ander plae soos kodlingmot — *Cydia pomonella* — en valskodlingmot — *Thaumatotibia leucotreta*. Peerbladrollers is ook bekend as angelierwurms omdat hulle veral lief is vir angeliere en krisante.

Peerbladrollers is 'n fitosanitêre plaag en verskeie lande sal besmette vrugte afkeur. In tafeldruiwe is die impak van fitosanitêre

maatreëls vir peerbladrollers in meeste seisoene van groter ekonomiese belang as direkte skade.

Direkte verliese ontstaan deurdat die larwes aan druiwekorrels vreet. Beskadigde korrels is vatbaar vir verrottingsorganismes. Besmette korrels boaan 'n tros kan veroorsaak dat die hele tros onbemarkbaar is as gevolg van vrot sap wat deur die tros drup.

## Waar kom peerbladrollers vandaan?

Peerbladrollers is oorspronklik in Suid-Afrika ontdek maar dit kom ook in ander lande in Afrika voor. Dit is al in verskeie plekke in Europa gevind waar dit 'n plaag is van blomme wat kommersieel in glashuise gekweek word.

Die larwes van peerbladrollers voed op 'n wye reeks gewasse — insluitende druiwe, steenvrugte, kernvrugte en aarbeie — sowel as vele blomplante en onkruid. Volwasse motte is dwarsdeur die jaar aktief en lê eiers op wingerdstokke wanneer daar vars groei is vir hul larwes om te vreet.

Peerbladrollers oorleef gedurende die winter op onkruid in en om die wingerd. Onkruid en natuurlike plantegroei is geneig om te verdroog tydens die somer terwyl die wingerde groen bly as gevolg van besproeiing. Dit maak wingerd besonder aanloklik vir peste soos peerbladrollers in maande met lae reënval.

## Tipiese onkruid waarop larwes van peerbladrollers voed

Geelsuring	<i>Oxalis pes-caprae</i>
Kiesieblaar	<i>Malva parviflora</i>
Ramenas	<i>Raphanus raphanistrum</i>
Steenboksuring	<i>Rumex acetosella</i>
Soetgousblom	<i>Arctotheca calendula</i>
Harige skaapslaai	<i>Hypochoeris radicata</i>



## Monitering vir peerbladrollers

Monitering vir peerbladrollers is noodsaaklik vir effektiewe beheer en om uitvoere te beskerm.

Feromoonlokvalle<sup>fig 1</sup> vorm die basis van monitering. Plaas een lokval per twee hektaar of per blok en inspekteer weekliks vanaf vroeë lente — net voor bot — tot aan die einde van die seisoen. Onthou dat peerbladrollers ontwikkelende wingerdloof al binne die eerste maand na bot kan aanval. Vervang die feromoonlokmiddel soos aanbeveel deur die verskaffer.

Larwes van peerbladrollers kan redelik maklik gesien word as gevolg van die kenmerkende skuilings wat hulle spin. Inspekteer onkruid vir larwes tydens die winter en trosse gedurende die seisoen. Hou aan om trosse te inspekteer tot ongeveer 'n maand voor oes in wingerde met 'n geskiedenis van peerbladroller probleme.



FIGUUR 1

Monitering van peerbladrollers geskied met behulp van feromoonlokvalle.



FOTO: INR/FRUITEC/NETVOORBIL

FIGUUR 2

Volwasse peerbladrollers is ligbruin motte.



FOTO: INR/FRUITEC/NETVOORBIL

FIGUUR 3

Larwes spin blare aan mekaar om skuilings te vorm.

## Gedrag en lewensiklus

Die volwasse motte<sup>fig 2</sup> is geelbruin en ongeveer vyftien millimeter lank. Hulle is na skemer tot rondom middernag aktief en word dus nie maklik in die wingerd gesien nie. Lokvaldata is belangrik om aan te dui wanneer daar motte teenwoordig is — verwag toenames in motte vanaf Mei of Junie tot en met Augustus. 'n Peerbladroller kan binne een jaar ses of meer generasies voortbring. Die lewensiklus neem ses na sewe weke om te voltooi by 25 grade Celsius.

Volwasse wyfies lê eiers in groepies op blare. Die eiers broei uit na sewe tot twaalf dae. Larwes mag dan na blom- en vrugtetrosse versprei en daar is dikwels meer as een larwe per tros. Die larwes van peerbladrollers maak vir hulself 'n skuiling deur plantdele aanmekaar te heg met sydrade<sup>fig 3</sup>. Hulle begin eers hierdie kenmerkende webbe spin nadat hulle die eerste vervelling ondergaan het.

Larwes voed vir min of meer 'n maand en val dan af grond toe om in papies te verander. Die papies ontwikkel vir 'n verdere agt na twaalf dae voordat die volwassenes te voorskyn kom. Volwasse motte paar feitlik dadelik en leef slegs 'n week of twee.

## Beheer van peerbladrollers

### BESTUUR VAN ONKRUID EN DEKGEWASSE

Toepaslike bestuur van onkruid en dekgewasse is die belangrikste strategie vir beheer van peerbladrollers. Daar is tans geen chemiese plaagdoders geregistreer vir gebruik teen peerbladrollers in tafeldruiwe nie, maar daar is wel 'n biologiese plaagdoder wat bakterieë bevat.

Moniteer onkruid vir die teenwoordigheid van peerbladrollers gedurende winter. Spuit onkruid vroeg dood indien larwes bespeur word — daar moet geen gasheerplante in die wingerd wees vir ten minste ses weke voor bot nie.

Saai 'n dekgewas wat nie 'n gasheer vir peerbladrollers is nie, direk na oes. Hawer, rog en korog is almal geskik. Vroeë toediening van onkruiddoder kan beperk word tot die bankies indien die dekgewas sterk groei. Die hele oppervlak moet egter gespuit word as die dekgewas yl is met heelwat onkruid of as onkruid in die werksrye groei. Dit mag ook nodig wees om later in die seisoen weer te spuit as onkruid genoegsaam toeneem.

In seker gevalle word die saai van dekgewasse belemmer deur klipperige grond. Gebruik dan 'n deklaag van strooi of ander dooie materiaal op bankies en spuit onkruiddoder in die werksrye. Deklae help ook om die vestiging van nuwe onkruid te onderdruk.

### ANDER BEHEERMAATREËLS

Volwasse motte in die lokvalle beteken dat ontwikkelende loof en trosse in gevaar is. Die enigste produk wat tans geregistreer is vir gebruik teen peerbladrollers is 'n biologiese beheermiddel wat bakterieë — *Bacillus thuringiensis* — bevat. Die bakterieë produseer 'n toksien wat dodelik is vir larwes van motte en skoenlappers, maar nie skadelik is vir ander organismes soos bye nie.



FOTO: LNR INFUITEC-NIETVOORBIJ

FIGUUR 4

Die sydrade van die larwes beskerm hulle teen plaagdoders.

Die spuitmiddel is alleenlik effektief indien larwes van peerbladrollers direk daarmee kontak maak. Dit is gewoonlik slegs moontlik in die kort tydjie vandat die eiers uitbroei totdat die larwes vir die eerste maal vervel en dan die skuilings begin spin<sup>9</sup> 4 wat hul teen spuitmiddels beskerm. Daarom is dit noodsaaklik om vroegtydig te beheer.

Verder moet enige waterlote van stokke verwyder en dan vernietig word. Wees bewus dat larwes moontlik hul ontwikkeling kan voltooi indien lote op die grond in die wingerd gelos word.

Dit is belangrik om werkers op te lei om peerbladrollers te herken sodat besmette trosse nie in plukkiste beland nie. Larwes kan van besmette na skoon trosse versprei. Daarby kan besmette trosse ook lei tot afkeuring van besendings waar die fitosanitêre vereistes van die land van invoer peerbladrollers verbied.



ANNA MOUTON  
Skrywer en Tegniese Ontwerper  
anna@annamouton.com

### TEGNIËSE RAADGEWER

Elleonorah Allsopp  
LNR Infruitec-Nietvoorbij  
021 809 3007  
allsoppe@arc.agric.za